**Intog in Jerusalem (OP231)**

**Joh 12:9-19**

**7 September 2025**

Gedurende die laaste paar weke het ons gekyk na die Here Jesus wat vir Lasarus uit die dood opgewek het. Daarmee het Hy geleer dat Hy die opstanding en die lewe is. Dit is deurdat Hy sal sterwe en opstaan dat diegene wat in Hom glo sal lewe, selfs al sterf hulle. Laasweek het ons na 2 insidente gekyk wat gevloei het uit Lasarus se opwekking: (1) Die Sanhedrin het besluit die Here Jesus moet sterf. Kajafas het geredeneer dat dit voordelig sal wees as een man sterf i.p.v. die hele volk, maar hy was onbewus van die dieper betekenis van sy woorde: Dat die Here Jesus se sterwe tot voordeel sal wees vir alle gelowiges, sodat hulle sal leef, selfs al sterf hulle. (2) Tydens 'n maaltyd in Betanië het Maria die Here Jesus gesalf met 'n ruim hoeveelheid uiters kosbare olie. Sy wou haar waardering teenoor die Here Jesus vir haar broer se opwekking demonstreer, maar onwetend het Sy juis Sy liggaam voorberei met die oog op Sy begrafnis. Ons het ook gesien dat Judas Iskariot verontwaardig was oor hierdie verkwisting van die kosbare olie, maar onwetend het hy daardeur geopenbaar hoe min hy verstaan het van hoe heerlik die Here Jesus werklik is, en hoe waardig Hy is om met die kosbare olie gesalf te word.

Vandag wil ek fokus op die intog van die Here Jesus in Jerusalem, en Sy verheerliking deur die Jode tydens hierdie intog. Ek wil eerstens werk deur die beskrywing van die gebeure hier in Joh 12:9-19. In hierdie gedeelte is daar twee aanhalings uit die Ou Testament – een uit Ps 118 en die ander een uit Sagaria 9. Ek wil vervolgens gaan kyk na hierdie twee Ou Testamentiese gedeeltes om uit te lig hoe hierdie gebeure tydens die intog juis 'n vervulling is van die Ou Testamentiese gedeeltes.

<u>Johannes se beskrywing van die intog in Jerusalem</u>

Ons weet teen die einde van Joh 12:8 was die Here Jesus in Betanië by die maaltyd wat Maria-hulle vir Hom gehou het. Lees Joh 12:9. Weer lees ons dat 'n groot skare Jode na Betanië gekom het – waarskynlik was hulle weereens afkomstig uit Jerusalem. En die rede waarom hulle gekom het was tweërlei: Enersyds wou hulle die Here Jesus ontmoet – immers is dit die moeite werd om die Een te ontmoet wat Lasarus opgewek het. Andersyds wou hulle Lasarus kom ontmoet – immers is dit die moeite werd om die een te ontmoet wat uit die dood opgewek is. Lees Joh 12:10-11. Natuurlik het dit die leierpriesters net nog meer ontstel. Ons weet uit die gesprek tydens die noodvergadering van die Sanhedrin dat hulle juis hieroor bekommerd was: die Jode gaan die Here Jesus begin volg, wat allerlei gevare inhou vir hulle posisie as leiers, maar ook vir die voortbestaan van die volk. Hulle het alreeds vroeër besluit die Here Jesus moet sterf, maar nou het hulle tot die slotsom gekom Lasarus moet ook sterf – immers dra hy daartoe by dat die Jode die Here Jesus begin volg. Ek hoop jy sien die ironie van hulle besluit raak: Hulle besluit Lasarus moet doodgemaak word, want die Here Jesus het Lasarus uit die dood opgewek. Klink nie juis na 'n waterdigte plan nie: As die Here Jesus Lasarus een keer uit die dood kon opwek, sou Hy dit sekerlik weer kon doen! En wat het hulle dan bereik?

Lees Joh 12:12-13. Ons lees van "die volgende dag" – ons moet aflei dit beteken dit is die dag na die maaltyd in Betanië. Ons kan ook aflei dat dit die eerste dag van die week was, die Sondag van die week waarin die Here Jesus op die Vrydag gekruisig sou word. En nou is die Here Jesus op pad van Betanië na Jerusalem. Nou lees ons weer van 'n groot skare. In vers 9 was daar 'n groot skare in Betanië. Maar nou blyk dit daar kom nou weer 'n skare die volgende dag van Jerusalem af. En die rede waarom hulle kom, is omdat hulle gehoor het die Here Jesus is op pad na Jerusalem – hulle kom Hom dus tegemoet. Vers 13 vertel hulle het palmtakke geneem en aanhoudend geroep: "Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" – hierdie is die eerste Ou Testamentiese

aanhaling, dit kom uit Ps 118, waarna ons netnou in meer detail sal kyk. Hulle het ook uitgeroep: "Die Koning van Israel!" Dit is baie duidelik: die skare het die Here Jesus gesien as die Koning van Israel. Dit is natuurlik presies waaroor die Sanhedrin bekommerd was – dat die Jode Hom hulle Koning sal wil maak, met al die implikasies wat dit sal inhou vir 'n moontlike teen reaksie van die Romeine en ook vir hulle eie gesagsposisie. Kan ek jou weer daaraan herinner: Nadat die Here Jesus die brood vermeerder het in Joh 6 wou hulle Hom ook al Koning gemaak het. Hoeveel te meer nie nou na die opwekking van Lasarus nie!

Lees Joh 12:14-15. Johannes beskryf net dat die Here Jesus 'n jong donkie gekry het en daarop gaan sit het. Johannes beskryf nie hoe hulle die jong donkie gekry het nie – as jy die Sinoptiese evangelies se weergawes lees, word daar vir ons meer detail gegee: Hoe die Here Jesus van Sy dissipels vooruit gestuur het om die donkie te gaan haal. Vers 15 maak dit egter duidelik dat hierdie handeling van die Here Jesus om op die jong donkie Jerusalem in te ry, is 'n vervulling van nog 'n Ou Testamentiese profesie – dit is die profesie wat ons in Sag 9:9 vind: "Moenie vrees nie, dogter van Sion!. Kyk, jou Koning kom, Hy sit op 'n donkievul." Ek beplan om later in meer detail ook hierna te kyk.

Lees Joh 12:16. Op daardie stadium toe al hierdie dinge gebeur het, het die dissipels nie verstaan nie. Dit herinner natuurlik aan Joh 2 waar die Here Jesus die tempel gereinig het en toe gesê het: "Breek hierdie tempel af, en binne drie dae sal Ek dit opbou." Destyds het die dissipels nie die uitspraak van die Here Jesus verstaan nie – hulle het dit eers verstaan na Hy uit die dood opgestaan het. Netso lees ons nou dat die dissipels ook nie hierdie gebeure op daardie tydstip verstaan het nie – hulle het dit eers later begryp na Sy verheerliking. Dit herinner ook aan Kajafas wat uitsprake gemaak het wat hy nie werklik verstaan het nie. En ook aan Maria wat nie die werklike betekenis van haar salwing van die Here Jesus verstaan het nie. Maar soos wat al hierdie vorige insidente 'n dieper betekenis gehad het sonder dat diegene wat daarby betrokke was, dit verstaan het, so kan ons verwag dat dit ook nou die geval moet wees.

Lees Joh 12:17-18. Hier lees ons weer van die twee skares van Jode. Die een skare was teenwoordig by die opwekking van Lasarus en het daarvan getuig, terwyl die ander skare Hom nou tegemoet gegaan het vanuit Jerusalem, juis omdat hulle van daardie eerste skare gehoor het wat die Here Jesus gedoen het.

Lees Joh 12:19. Dit alles maak die Fariseërs moedeloos. Ondanks al hulle gesprekke en beplanning en besluite, bereik hulle niks nie. Volgens hulle loop die hele wêreld agter die Here Jesus aan. Hulle verloor hulle gesagsposisie, terwyl Sy posisie besig is om te versterk. Hulle bedoeling met "wêreld" is dat baie van die Jode agter die Here Jesus aanloop. Maar in die Johannes-evangelie het "wêreld" ook die betekenis van die sondegevalle mensdom. Ten diepste is dit natuurlik juis die doel van die Here Jesus se koms: dat die sondegevalle mensdom Hom moet volg. Weereens is daar dieper betekenis in wat die Fariseërs sê, sonder dat hulle dit self begryp het.

Dit is die gebeure waarvan ons in Joh 12 lees. Ek wil nou teruggaan na daardie twee Ou Testamentiese aanhalings waarvan ons kennis geneem het: Ps 118 en Sag 9.

<u>Psalm 118</u>

Onthou nou die aanhaling in Joh 12:13b: "Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here". Dit is die uitroep van die Jode terwyl die Here Jesus besig is om in Jerusalem in te gaan. Lees nou Ps 118:25-26a: "Ag, Here, verlos ons tog! Ag, Here, gee tog voorspoed! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here." In Afrikaans is dit duidelik dat "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here" beide in Ps 118 voorkom en as deel van die uitroep van die Joodse skare in Joh 12. Maar let nou op die onderskrif wat in die 2020 DAV gegee word by Ps 118:25. Daar staan die woorde

"verlos ons tog" wat in Ps 118:25 voorkom, word in Hebreeus uitgespreek as "hosji-a na". As die Jode dus in Joh 12 uitroep "Hosanna!" is dit dieselfde as wat Ps 118:25 uitroep "verlos ons tog". As die Jode dus uitroep: "Hosanna! Geseënd is Hy wat in die Naam van die Here kom" is dit ekwivalent aan Ps 118:25-26a: "Ag, Here, verlos ons tog. Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here." Ons kan ook aflei dat die verlossing waarvoor gevra word in Ps 118:25 juis bewerk moet word deur die Geseënde wat in die Naam van die Here kom. Uit Joh 12 weet ons dat die Jode juis die Here Jesus erken het as die Een wat besig is om te kom – Hy is dus die Geseënde wat in die Naam van die Here kom, en wat verlossing moet bring. Immers het Johannes al geleer dat die Here Jesus deur die Vader gestuur is.

Maar kom ons kyk nou na die hele Psalm 118. Hierdie psalm was een van die liedere wat die volk gesing het wanneer hulle opgetrek het na Jerusalem toe vir die jaarlikse feeste – insluitende ook die jaarlikse pasga. Ons weet in Joh 12 dit was nou weer bykans tyd vir die pasga. Baie Jode was alreeds in Jerusalem juis met die oog op die komende pasga. Dit is hierdie Jode wat nou die Here Jesus uit Jerusalem tegemoet kom en uitroep: "Hosanna! Geseënd is Hy wat in die Naam van die Here kom."

Lees Ps 118:1-4. Hier is 'n oproep dat die Here geprys moet word. Let op wie geprys moet word – die Here, d.w.s. Jahwe, d.w.s. die Verbondsgod. En Hy moet geprys word, want Hy is goed. En die manier waarop Sy goedheid sigbaar word, is omdat Sy troue liefde vir ewig duur. As ons van "troue liefde" lees, dan moet ons daaronder die verbondsliefde van die Verbondsgod verstaan. Die Verbondsgod is absoluut getrou aan Sy verbond. Daarom is Sy verbondsliefde, troue liefde Dus: die Verbondsgod moet geprys word, omdat Sy goedheid juis sigbaar word in Sy ewigdurende verbondsliefde wat absoluut betroubaar is. Let op: dit word vier keer herhaal. Drie groepe word opgeroep om die Here hieroor te prys: Israel, huis van Aäron en dié wat vir die Here ontsag het. Lees Ps 118:29. Dit is ook hoe die Psalm afsluit. Die goeie Verbondsgod moet geprys word oor Sy ewigdurende verbondsliefde waarin Hy absoluut getrou is. Dis die tema van die Psalm.

Lees Ps 118:5-9. In hierdie verse is 'n individu aan die woord. Hierdie individu is beangs. En hy het geroep "Here!" (v5a). En toe het die Here hom gehelp: Hy het hom geantwoord (v5), die Here is vír hom (v6,7), die Here is sy Helper (v7), die Here is vir hom 'n skuilplek (v8,9). Omdat die Here sy Helper is, kan geen mens aan hom iets doen nie, trouens hy kan op sy haters neerkyk. Die vraag is natuurlik: Wie is hierdie individu? As ons dink aan die volk wat hierdie lied sing terwyl hulle optrek na die pasga toe, moet ons aflei dit is moontlik die individuele lede van die volk.

Maar kom ons lees nou Ps 118:10-14. Herhaaldelik lees ons dat hierdie individu omsingel is deur alle nasies, die nasies het hom omsingel soos bye. Maar herhaaldelik lees ons ook hierdie individu kon waarlik die nasies afweer. Nou begin ons die indruk kry hierdie individu is Iemand besonders – Hy klink na 'n Koning wat al die nasies suksesvol kan afweer! Immers het die Verbondsgod in Sy verbond met Dawid juis die koms van so 'n Koning beloof. Immers sal die koms van so 'n Koning rede wees om die Verbondsgod te prys. Ons kan dus begin wonder of dit nie die Here Jesus is nie. Dink aan die situasie in Joh 12: Die Here Jesus is omsingel deur mense wat Hom wil doodmaak – sonder goeie rede. Die Sanhedrin het sopas besluit Hy moet sterf. Ps 118 sê egter hierdie Individu gaan hulle in die Naam van die Here kan afweer – dit is tog wat die Here Jesus doen: Ons het al herhaalde male gesien dat Hy net doen wat die Vader wil. Hy strewe na die wil van Sy Vader. Dit is met Sy Vader se hulp dat Hy die nasies wat teen Hom saamspan kan afweer.

Kyk na vers 14. "My krag en sterkte was die Here; Hy het my tot hulp gekom." Blaai na Eks 15:2. Hierdie is die oorwinningslied van Moses na die Here die volk deur die Rietsee gelei het en verlos het van die Egiptenare se vervolging. Moses uiter dieselfde woorde: "My krag en sterkte is die Here, en Hy was my redding". Dit is dieselfde as Ps 118:14. Ons weet, Moses was 'n tipe van die Here Jesus.

Nou uiter hierdie individu dieselfde woorde na die Here se verlossing uit al die nasies wat Hom omsingel het. Dit versterk ons vermoede hierdie individu is die Here Jesus.

Lees Ps 118:15-16. Hier klink jubelkrete op. Dit is jubelkrete oor verlossing. Dit is jubelkrete van die regverdiges oor hulle verlossing. Hulle jubel oor die kragtige dade wat die Here gedoen het met Sy regterhand. Blaai weer na Eks 15. Lees vers 6 en 12. Moses besing ook die verlossing wat die Here vir hulle bewerk het juis deur Sy regterhand wat majestueus in krag is. Dit is die regverdiges wat jubel oor hulle verlossing. Herinner dit nie juis aan die een skare daar in Joh 12 nie – die skare wat by was toe die Here Jesus Lasarus uit die dood opgewek het. Hulle wat in die Here Jesus begin glo het. Hulle het Lasarus se opwekking verkondig, en die gevolg van hulle verkondiging was dat die ander skare uit Jeruslaem kennis geneem het en die Here Jesus tegemoet gegaan het om Hom te verheerlik.

Lees Ps 118:19-20. Nou is dit weer die Individu wat aan die woord is – die Koning deur wie die Here nasies afgeweer het. Hy kom nou as die Oorwinnaar. Hy vra dat die poorte vir Hom oopgemaak moet word – en let op, dit is die poorte na geregtigheid waardeur Hy wil gaan. Hierdie poorte lei ook na die Here toe. Dit is ook die poorte waardeur die regverdiges mag ingaan. Dit klink steeds al meer of hierdie Individu inderdaad die Here Jesus self is. Luister na wat Heb 2:10 van Hom sê: "Dit was immers gepas dat Hy, vir en deur wie alles bestaan, ten einde baie kinders tot heerlikheid te lei, die Leidsman van hulle verlossing deur lyding tot volmaaktheid sou bring". Dit is tog die doel met die Here Jesus se werk – om baie kinders tot heerlikheid te lei. Dit is tog wat hierdie Individu in Ps 118 doen – Hy wil regverdiges deur die poorte van geregtigheid na die Here lei. Of dink aan Heb 9:24: "Want Christus het nie 'n mensgemaakte heiligdom, 'n nabootsing van die ware een, binnegegaan nie, maar die hemel self, om nou ter wille van ons voor God te verskyn". Dit is tog wat hierdie Individu in Ps 118 ook doen – Hy wil die regverdiges na die Here toe bring. En dink nou terug aan wat daar in Joh 12 gebeur het. Die Here Jesus is op pad. Hy is op pad na Jerusalem, daar waar die tempel ook is. Dit is in Jerusalem wat Hy later daardie week sou sterf. En deur Sy sterwe sou Hy geregtigheid bewerk vir die gelowiges. En daarna sou Hy na die hemel gaan, waar God die Vader ook is – in die ware Allerheiligste van die ware tempel. Die Individu in Ps 118 kyk vooruit na Joh 12, en Joh 12 kyk vooruit na die werk van die Here Jesus tydens die komende pasga.

Lees Ps 118:21-24. Hier word dit nog duideliker. Ons lees van die klip wat deur die bouers afgekeur is, Hy het juis die hoeksteen geword. Dink maar net aan die situasie in Joh 12 – die Here Jesus is deur die Joodse leiers afgekeur, hulle het besluit Hy moet sterf. Maar dit is juis die klip wat hulle afgekeur het, wat die hoeksteen geword het. Dit was juis hulle verwerping van Hom en hulle besluit dat Hy moet sterf, wat tot gevolg het dat Hy die hoeksteen word. In Mat 21:33 ev lees ons die gelykenis van die huurders. Ons lees hoedat die huurders die seun van die eienaar doodgemaak het. En dan verduidelik die Here Jesus aan die Jode dit is juis hierdie klip wat deur die bouers afgekeur is, wat die hoeksteen geword het. Die klip wat die hoeksteen geword het wys in die gelykenis na die seun van die eienaar wat die huurders verwerp het. En dit alles wys na die Jode wat die Here Jesus, die Seun van God, afgekeur het. Maar dit is juis Hy wat die hoeksteen geword het. Hy het die hoeksteen van die ware tempel geword, waarvan die regverdiges boustene is. Dit is nou onmiskenbaar duidelik die verwerpte klip, wys na die Here Jesus. Die Individu in Ps 118 wys dus na die Here Jesus. Wat die Here Jesus in Joh 12 beleef is die verwerping deur die Joodse leiers. Maar juis dit maak Hom die hoeksteen in die komende ware tempel. Ps 118:23 sê dit alles is die werk van die Here, die Verbondsgod. Ps 118:24 sê dit alles realiseer op die dag wat die Here gemaak het. Dink maar net hoe dikwels het die Here Jesus al gesê het Sy uur het nog nie gekom nie, maar net na hierna in Joh 12:23 sê Hy: "Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word" – sodat Hy deur die poorte na geregtigheid kan gaan, en die regverdiges kan saamneem.

Kom ons lees nou weer Ps 118:25-26. Hierdie uitroep kom nie van die Individu nie. Nee dit kom van ‘n skare mense. Uit vers 26b blyk dit hierdie skare kom uit die huis van die Here, en hulle seën ‘n ander skare – waarskynlik die skare van vers 15 wat gejubel het oor die verlossing wat die Individu bewerk het. Dit is hierdie skare wat uit die tempel kom, wat uitroep: “Ag, Here, verlos ons tog!. Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.” Of, as ons die woorde van Joh 12 gebruik: “Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.” Sien jy die ooreenkoms met wat in Joh 12 gebeur? Die Here Jesus is op pad na Jerusalem. Daar kom sekerlik van die Jode saam wat die opwekking van Lasarus gesien het – hulle het in die Here Jesus geglo – dit is die skare in Ps 118:15. Maar terselfdertyd kom nog ‘n skare die Here Jesus tegemoet – hulle kom uit Jerusalem uit, met palmtakke in hulle hande. Dit is hulle wat uitroep: “Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.” Dit is dieselfde skare wat in Ps 118:25-26 uit die tempel kom en roep: “Ag, Here, verlos ons tog! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here”. En wie is die Geseënde wat in die Naam van die Here kom? Natuurlik die Here Jesus – immers is Hy deur die Vader gestuur juis vir hierdie taak.

Lees Ps 118:27. Die Here God het vir ons lig laat skyn. Johannes het tog al soveel klem daarop gelê: Die Here Jesus is die lig vir die wêreld. Lees Ps 118:28. Hier prys die Individu die Here God, en Hy wil Hom verheerlik. Dit is tog juis in lyn met wat die Here Jesus doen: Hy verheerlik die Vader, en die Vader verheerlik Hom ook.

Die gebeure op Palmsondag op die pad na Jerusalem is baie duidelik ‘n vervulling van Ps 118 – wat so dikwels gesing is as die volk opgegaan het na Jerusalem vir die jaarlikse feeste.

<u>Sagaria 9</u>

Lees Joh 12:14-15. Ons lees dat die Here Jesus op ‘n jong donkie gery het, terwyl die skare uitgeroep het: “Moenie vrees nie, dogter van Sion! Kyk, jou Koning kom, Hy sit op ‘n donkievul.” Kom ons lees nou Sag 9:9. Ek glo dit is duidelik dat Joh 12 vervulling is van die profesie in Sag 9:9.

In Sag 9 lees ons van die Woord van God wat kom. Lees Sag 9:1-7. Hierdie eerste paar verse maak dit duidelik dat die Woord van God kom na verskeie lande en gebiede: Hadrag, Hamat, Tirus, Sidon, Gasa en Ekron. En die Woord van God oordeel: Tirus se rykdom word vernietig, Askelon, Gasa en Ekron word bang en krimp ineen, die Filistyne se hoogmoed word gebreek. Lees Sag 9:8. Die Woord van God sal by Sy huis, oftewel Sy tempel, kamp opslaan teen al hierdie leërs, en daar sal Hy die wat aan God behoort, bewaak met Sy eie oë. Onthou nou wat Johannes ons al geleer het: Wie is die Woord van God? Natuurlik die Here Jesus. En direk word die relevansie van Sag 9 duidelik om Joh 12 te verstaan. In Sag 9 trek die Woord van God na die tempel toe. In die proses vernietig Hy die ander nasies. En by die tempel bewaar Hy die wat aan God behoort. In Joh 12 trek die Here Jesus Jerusalem toe, waar die tempel is. In daardie tyd beleef Hy die vyandigheid van die nasies, veral van die Joodse leiers. Maar nou is Hy op pad na die tempel toe in Jerusalem.

Lees nou weer Sag 9:9. Dit is oor hierdie opgaan van die Woord van God wat die dogters van Sion, oftewel Jerusalem, juig. Want hulle Koning is aan die kom na die tempel toe, na hulle toe – om hulle te bewaar te midde van soveel vyandigheid. Maar, hulle Koning is ‘n besondere Koning: Hy is regverdig en die oorwinnaar en nederig. Ons sou verwag dat die Koning wat al hierdie vyandige nasies oorwin, ‘n groot vors sou wees wat op ‘n groot sterk hings na die tempel kom. Maar, nee, Hy ry op ‘n donkie, Hy is nederig. Dit beteken nie Hy is swak nie – nee, Hy is die Oorwinnaar oor al die nasies. En tog is Hy nederig. Hy is anders as die ander konings van die nasies. Lees Sag 9:10. Ja, Hy kom om te oorwin, Hy kom om die strydwaens en strydboog te vernietig. Maar Hy kom ook om vrede te bring vir die nasies. Hy kom om Sy koninkryk te vestig, en dit sal strek van see tot see, en

van die rivier tot aan die uithoeke van die aarde. Hy kom om ‘n koninkryk van vrede te vestig, en hierdie koninkryk sal ‘n wêreldwye koninkryk wees. Daarom hoef die dogters van Sion nie te vrees nie. In Joh 12 is dit juis hierdie Koning wat na Jerusalem toe kom. Hy kom om die oorwinning te behaal. Maar Sy oorwinning is nie soos die van aardse konings met fisiese magsvertoon nie. Nee, Hy ry op ‘n nederige donkie na Jerusalem. Maar daar gaan Hy vrede bewerk – deurdat Hy die koning van die wêreldse konings, dit is die duiwel self, die stryd gaan aansê, en hom oorwin. Daaroor kan die wat aan God behoort, juig. Hulle Koning kom!

Samevatting

Wat leer ons nou uit hierdie intog van die Here Jesus in Jerusalem? Let op die volgende:

Netso min as wat Kajafas die dieper betekenis van sy eie woorde verstaan het, netso min as wat Maria die dieper betekenis van haar handeling verstaan het, netso min het die Jode daardie dag verstaan waarmee hulle besig was. Selfs die dissipels het eers later, na die Here Jesus se verheerliking, verstaan wat daardie dag gebeur het. Maar in die optrede van die Jode op daardie dag het hulle vir ons bewys: die Here Jesus is die Christus. Hulle het presies opgetree in lyn met Ou Testamentiese voorspellings. Hulle het die lyn getrek van die Here Jesus na Ps 118. Hulle het die Here Jesus erken, bewustelik of onbewustelik, as daardie Individu in Ps 118 wat op pad is na die Here toe, wat by die poorte van geregtigheid wil ingaan, en wat die regverdiges wil saamneem. Hulle het Hom erken, bewustelik of onbewustelik, as die Woord van God in Sag 9 wat kom om die stryd in die wêreld te beëindig, en ‘n wêreldwye koninkryk van vrede te vestig – en dit terwyl Hy nederig op ‘n donkie ry. En die realisering hiervan was op hande – later daardie week in Jerusalem sou daar reuse vordering wees na hierdie einddoel. En die Jode jubel dit uit. En ons moet die noodwendige konneksie maak: die beloofde Koning was aan die kom. En Hy is die Christus.

Ons dink dikwels aan die Here Jesus se versoeningswerk in terme van Sy Hoëpriesterlike rol – dat Hy gekom het om te sterf in ons plek aan die kruis, om sodoende vir ons geregtigheid te bewerk, sodat Hy ons as regverdiges saam met Hom na die Vader toe kan neem. Natuurlik is dit reg, en groot rede tot opgewondenheid vir die regverdiges – en dit kom ook in hierdie gebeure na vore. Maar ons moet versigtig wees om nie die Koningskap van die Here Jesus te onderwaardeer nie. Dit is juis Sy Koningskap wat hier so duidelik na vore kom. Hy word as Koning verheerlik. Hy word juis as die Oorwinnaar Koning verheerlik. In beide Ps 118 en Sag 9 is dit duidelik. Terwyl Hy aan die kruis gehang het, was daar ‘n geweldige stryd wat plaasgevind het – tussen Hom en die duiwel – die duiwel wat die aanvoerder is van al die goddelose aardse konings. Daar was drie ure van duisternis waarin hierdie stryd gewoed het. Maar na die drie ure van duisternis, het dit weer lig geword – want die Here Jesus is die Lig. Na die drie ure van worsteling met die duiwel, het Hy gesê: Dit is volbring. Wat was volbring? Het Hy toe al die dood oorwin wat die gevolg van sonde was? Nee, Hy moes nog sterf en op die derde dag opstaan om dit te bewerk. Wat volbring was, was dat Hy as die Oorwinnaarkoning die duiwel en al sy volgelinge oorwin het. Dit was nodig om eerstens die bron van alle kwaad en sonde uit te roei – dit is die duiwel. Toe die wortel van die kwaad eers uitgeroei is, toe het dit sin gemaak dat Hy voortgegaan het om ook die dood te oorwin, om sodoende die opstanding en die lewe te kan bewerk. En die klem in Joh 12 val op hierdie heerlike waarheid: Hier kom ons Koning. Hy is regverdig, en Hy is die Oorwinnaar, en Hy is nederig, en Hy ry op ‘n donkie. So anders as aardse konings. En tog is Hy die Oorwinnaar wat Sy wêreldwye koninkryk van vrede kom vestig het. Juig, dogters van Sion!